

### 18.3 RAPPORT 3: DEPUTATE HISTORIESE SAKE – BURGERSDORPSE KULTUURHISTORIESE MUSEUM (Artt 96, 237)

- A. Die Sinode gaan in camera.
- B. Ds G Opperman lewer die Rapport.
- C. **Besluit:** Punt 3 word verwys na die Kommissie Historiese Sake sowel as die skrywe van prof B Spoelstra en opmerkings in die vergadering.
- D. Ds MJ Erasmus rapporteer namens die Kommissie Historiese Sake.

#### E. RAPPORT

##### 1. Opdrag

Acta 2012:215-216.

**Besluit: Kennis geneem.**

##### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

###### 2.1 *Belangstelling*

Besoekersgetalle was onderskeidelik 3826 in 2012 en 3909 in 2013. Hieronder was daar in 2013/2014 jaar 84 buitelandse besoekers en 2138 skoolkinders. Die personeel onderneem ook besoeke aan die onderskeie skole in die omgewing en die skoliere maak ook dikwels van die personeel se dienste gebruik met hulle projekte rondom o.a. toerisme besienswaardighede in die Gariiep-gebied, geskiedenis van die Taalmonument asook ander bevolkingsgroepe se kultuurgeskiedenis, geskiedenis en ontstaan van Burgersdorp en die Teologiese Skool van die GKSA.

Spesiale melding moet gemaak word van die besoeke wat proff PH Fick en DF Muller vir hulle studente na die BKM (Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum) en die historiese bakermat van die GKSA in die Noord-Oos-Kaap gereël het.

###### 2.2 *Uitstallings*

Soos alle ander museums word daar van tyd tot tyd aanpassings aan bestaande uitstallings gemaak en nuwe uitstallings geskep. So is daar die afgelope tyd 'n uitstalling van Steve Biko en die Geskiedenis van die ANC geopen. Heelwat ruimte is ook afgestaan aan 'n uitstalling van 'n unieke versameling Jagtrofeë.

Die integriteit van die reeds bestaande uitstallings rondom die pioniersgeskiedenis van die Europese bevolking van die Noord-Oos-Kaap is hiermee nie aangetas nie en die geskiedenis van die GKSA asook die van die NWU geniet steeds die prominente plek wat dit nog altyd gehad het.

Soos talle ander museums ondervind die BKM egter ook probleme weens 'n gebrek aan befondsing om bestaande geboue en veral buitemuurse uitstallings te onderhou.

###### 2.3 *Befondsing*

Die subsidie van die Oos-Kaapse regering beloop tans R112 000 per jaar. Omdat die tydelike werkers daaruit vergoed moet word, beteken dit dat die BKM se beskikbare fondse minder is as wat dit moes wees. Dit perk weer die Trusteeraad se vermoë in.

Soos in die Deputaterapport van Sinode 2012 vermeld, maak die BKM ook gebruik van fondse vanaf die Nasionale Lottery in soverre dit beskikbaar is. Publieke donasies het in die boekjaar 2013/2014 R794 beloop. 'n Bedrag van R3 900 is ook uit ledegeld en die verhuring van 'n lokaal in die tydperk bekom.

###### 2.4 *Die administrasie van die Museum*

Tien jaar na die Museumwet van die Oos-Kaapse regering in 2004 afgekondig en intussen weer hersien is, is dit steeds nie in werking gestel nie. Volgens die Acta van die Nasionale Sinode van 1997 was die situasie rondom die BKM toe "onduidelik en sensitief". Niks het sedertdien verander nie en soos met die laaste Sinodes aanbeveel is, wil die Deputate weereens aanbeveel dat die GKSA ten opsigte van hierdie saak "'n versigtig afwagende houding" inneem.

Intussen word die BKM steeds deur 'n Trusteeraad bestaande uit 14 lede ge-administreer. Twaalf van die lede word as verteenwoordigers van die Oos-Kaapse Premier aangewys en twee deur die Vereniging van Intekenaars. Van die veertien lede is vyf lidmate van die GKSA, waarvan een, br Gerhard Coetsee die Voorsitter en 'n tweede, Coert Venter die Ondervoorsitter is. Twee lede van die Deputate Historiese Sake naamlik di J Malan en G Opperman woon sover moontlik die kwartaalike vergaderings van die TR by.

Die vergaderings van die TR vind in 'n goeie gees plaas, alhoewel die bywoning van die TR lede nie altyd na wense is nie. Die voorgesette en konstruktiewe betrokkenheid van die GKSA lede in hierdie vergadering is uiters belangrik vir die toekoms van die BKM.

Spesiale melding moet gemaak word van die diens wat br Gerhard Coetsee, ouderling van die GK Burgerdorp die afgelope jare as Voorsitter en ook as Voorsitter van die BKM se Dagbestuur op 'n deurlopende basis gedoen het om die museumsake te laat vlot.

## 2.5 *Vereniging van Intekenaars*

Tans het die museum 117 intekenaars, waarvan 93 lewenslange lidmaatskap en ere-lidmaatskap besit. 24 Lede is gewone intekenaars. Twee nuwe lewenslange lidmate is gewerf. Die jaarvergaderings vind in Junie plaas. Belangstelling deur GKSA-lidmate in en betrokkenheid by hierdie vereniging is ewe eens belangrik vir die museum om die doelwitte waarvoor dit opgerig is, naamlik as "bewaar- en uitstalplek van die kulturele erfenis van die verskillende kultuurgemeenskappe van die Oos-Kaap en Burgersdorpse omgewing", te bereik.

Hierin kan daar nie slegs op die lidmate van die GK Burgersdorp staatgemaak word nie. Hulle verswakte posisie in t.o.v. die BKM word reeds tydens Sinode 2003 vermeld (Acta:449).

## 2.6 *Personeel*

Mev Daleen Bredenkamp dien nou reeds meer as twintig jaar in die Museum en sy is tans die Museumhoof. Hierdie posisie vervul sy nie net met ervaring nie, maar ook met toewyding en goeie oordeelsvermoë binne die beperkinge van die BKM se begroting.

Op die oomblik bestaan die permanente personeel net uit twee persone. Geen reaksie is op 'n brief aan die Oos-Kaapse regering waarin daar navraag gedoen word rondom die aantal vakante poste by die BKM, ontvang nie. Die Museum is dus aangewys op tydelike personeel wat hulle uit eie hul fonds moet vergoed. Soms sal daar vrywilligers uit die gemeenskap Mev Brendenkamp bystaan.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.**

## 3. **Sake waaroor die Sinode besluit**

3.1 Die kerke se betrokkenheid by die Burgersdorpse Kulturhistoriese Museum word voortgesit.

3.2 Prof B Spoelstra word van die opdrag van Sinode 1976 (p211, 6.2) onthef.

3.3 Die Deputate se opdrag met betrekking tot die BKM word gekontinueer.

3.4 Kerke en lidmate word aangemoedig om die BKM te ondersteun en die Museum te besoek. Lidmate word ook aangemoedig om as intekenare by die ledevereniging van die BKM aan te sluit.

**Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 verwys na die Kommissie Historiese Sake.**

## F. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

### 1. **Opdrag**

Die Sinode te adviseur met betrekking tot

1.1 Punt 3 van die Deputate se Rapport.

1.2 Die skrywe van prof B Spoelstra in sake die BKM.

1.3 Die BKM insluiting van kerke uit al die voormalige Sinodes van die GKSA.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**

## **2. Die Sinode neem kennis**

- 2.1 Dat daar gegronde kommer bestaan by die Deputate sowel as die Trustees van die BKM oor die toekomstige bestuur van die BKM.
- 2.2 Dat daar sekere punte sake rakende die eiendom en skenkings in die BKM is wat die aandag van die Trustees en die Deputate vra.
- 2.3 Dat daar reeds 'n regsmeening van die Regsdeputate oor die sake verkry is.
- 2.4 Dat die BKM 'n streeksgerigte kultuurhistoriese museum is, waarin net dit wat op Burgersdorp en direkte omgewing het opgeneem is.
- 2.5 Dat die NWU ook belang het by die BKM rakende skenkings en uitstallings wat in die museum is.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.**

## **3. Die Sinode besluit**

- 3.1 Die Sinode keur punte 3.1, 3.3 en 3.4 van die Rapport goed.
- 3.2 Prof B Spoelstra word op sy versoek onthef van die opdrag (1976:211, 6.2).
- 3.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof B Spoelstra vir sy jare lange betrokkenheid by die museum en dra dit skriftelik aan hom oor.
- 3.4 Die Deputate kry opdrag om in samewerking met die Regsdeputate alle onsekerheid ten opsigte van die eiendom en skenkings van die BKM op te volg en uit te klaar.

**Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 goedgekeur.**